 en sluit alle kategorieë munisipaliteite in wat in artikel 155(1) daarvan bedoel
 word;
 “Nasionale Padverkeerswet” die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van
 1996), en sluit die regulasies uitgevaardig kragtens daardie Wet in; 10
 “padverkeersteken” ’n padverkeersteken soos ingevolge artikel 56 van die
 Nasionale Padverkeerswet;
 “plaaslike straat” ’n straat onder die beheer van ’n munisipaliteit in ’n gebied wat
 hoofsaaklik stedelik van aard is;
 “Premier” die Premier van die Provinsie wat ingevolge artikel 125 van die 15
 Grondwet verkies is;
 “Provinsie” die Provinsie Wes-Kaap;
 “rigtingwyser” ’n teken wat rigting op ’n openbare pad aandui;
 “verordening” ’n verordening soos in artikel 7 bedoel;
 “voorgeskryf” voorgeskryf by regulasie deur die Minister by kennisgewing in die 20
Provinsiale Koerant.

(2) Enige woord of uitdrukking wat in die Nasionale Padverkeerswet omskryf word
 maar wat nie in subartikel (1) omskryf word nie, moet, tensy dit uit die samehang anders
 blyk, die betekenis dra wat die Nasionale Padverkeerswet daaraan verleen.

Bevoegdheid van munisipaliteit om parkeergelde vir parkeervakke en staanplekke of standplase in te vorder 25

2. (1) ’n Munisipaliteit kan, by besluit en vir die doeleindes vermeld in subartikel
 (3)(a), gelde vorder ten opsigte van die parkering van voertuie op enige openbare pad of
 gedeelte daarvan binne sy gebied en onder sy jurisdiksie.

(2) Die gelde genoem in subartikel (1) kan verskil ten opsigte van verskillende 30
 openbare paaie of verskillende gedeeltes van dieselfde openbare pad.

(3) (a) Indien ’n parkeermeter geïnstalleer word vir die doel om gelde in te vorder met
 die oog op die beheer van verkeer, moet dit geïnstalleer word gepaard met ’n afgemerkte
 parkeervak of parkeervakke en moet dit ’n inskripsie daarop hê wat die dae en ure
 aandui wanneer vir parkering betaal moet word en vir die bedrag betaalbaar vir 35
 spesifieke parkeertydperk.

(b) Indien ’n ander metode as ’n parkeermeter gebruik word om die gelde bedoel in
 subartikel (1) in te vorder, moet voorsiening gemaak word vir ’n teken wat vertoon word
 by die betrokke parkeerarea en wat die dae en ure aandui wanneer vir parkering betaal
 moet word, die bedrag betaalbaar vir ’n spesifieke parkeertydperk en die wyse waarop 40
 betaling vir ’n spesifieke parkeertydperk gemaak moet word.

(4) (a) Die tydperk wat ’n voertuig wettig in ’n parkeervak genoem in subartikel
 (3)(a) geparkeer mag word, is, tensy die teendeel bewys word, soos deur die
 parkeermeter vir sodanige parkeervak gemeet.

(b) Indien ’n ander metode as ’n parkeermeter gebruik word om die gelde bedoel in 45
 subartikel (1) in te vorder, is die tydperk wat ’n voertuig wettig in ’n parkeerarea genoem
 in subartikel (3)(b) geparkeer mag word, tensy die teendeel bewys word, soos gemeet
 deur middel van die betrokke metode ten opsigte van die betrokke voertuig.

(5) Enige munisipaliteit kan op ’n openbare pad binne sy gebied en onder sy
 jurisdiksie staanplekke of standplase (wat as spesiale parkeerplekke bekend staan) 50
 inruim vir die parkering van passasierdraende motorvoertuie of enige klas daarvan, soos
 voorgeskryf, en kan verordeninge vir die reël en beheer van die gebruik van daardie
 spesiale parkeerplekke uitvaardig—

(a) om voorsiening te maak vir die uitreiking van permitte waarvolgens bepaalde
 spesiale parkeerplekke of onderverdelings daarvan aan sekere persone of 55
 voertuie toegeken word vir hul uitsluitlike gebruik;

(b) om die gebruik deur enige ander persoon of voertuig van enige spesiale
 parkeerplek of onderverdeling aldus toegeken te verbied;

(c) om gelde ten opsigte van die gebruik van spesiale parkeerplekke te vorder; en

(d) om voorsiening te maak vir sake wat daarmee in verband staan: 60

Met dien verstande dat in enige permit of enige hernuwing daarvan voorsiening gemaak kan word vir die beperking van die ure waartydens die houër die uitsluitlike gebruik van 'n bepaalde spesiale parkeerplek het en waartydens die gebruik daarvan deur enige ander persoon of voertuig verbied word.

(6) By die eerste toekenning van enige spesiale parkeerplek of onderverdeling wat in subartikel (5) bedoel word, moet die plaaslike owerheid so ver moontlik die tydperk in ag neem wat die aansoeker daarom reeds besig is om passasiers met die betrokke klas voertuig teen betaling te vervoer. 5

(7) Verordeninge ingevolge subartikel (5) kan voorsiening maak vir die jaarlikse hernuwing van die reg om so 'n spesiale parkeerplek of onderverdeling daarvan te gebruik, onderworpe aan die aansoeker se goeie gedrag. 10

(8) Die uitoefening deur 'n munisipaliteit van sy bevoegdhede ingevolge hierdie artikel stel die owerheid nie aanspreeklik ten opsigte van die verlies of beskadiging van enige voertuig of die inhoud of toebehore van so 'n voertuig terwyl die voertuig in 'n parkeervak, parkeerarea of spesiale parkeerplek is nie. 15

Vermoede ten opsigte van openbare pad, deurpad en openbare pad in stedelike gebied

3. (1) Indien daar in enige vervolging ingevolge hierdie Wet beweer word dat 'n misdryf op 'n openbare pad gepleeg is, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke pad 'n openbare pad is. 20

(2) Indien daar by enige vervolging ingevolge hierdie Wet beweer word dat 'n misdryf op 'n deurpad gepleeg is, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke pad 'n deurpad is.

(3) Indien daar by enige vervolging ingevolge hierdie Wet beweer word dat 'n misdryf op 'n openbare pad in 'n stedelike gebied gepleeg is, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke pad 'n openbare pad in 'n stedelike gebied is. 25

Vermoede dat eienaar voertuig bestuur of geparkeer het

4. (1) Indien dit by enige vervolging ingevolge hierdie Wet belangrik is om te bewys wie die bestuurder van 'n voertuig was, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat daardie voertuig deur die eienaar daarvan bestuur is. 30

(2) Wanneer ook al 'n voertuig geparkeer word in stryd met enige bepaling van hierdie Wet of 'n verordening wat daarkragtens uitgevaardig is, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat daardie voertuig deur die eienaar daarvan geparkeer is.

(3) Vir die doeleindes van subartikels (1) en (2) word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat, indien die eienaar van die betrokke voertuig 'n regspersoon is, daardie voertuig deur 'n direkteur of dienaar van die regspersoon bestuur of geparkeer is, soos in daardie subartikels bedoel, by die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die uitvoering van sy of haar pligte as sodanige direkteur of dienaar, of ter bevordering of gepoogde bevordering van die belange van die regspersoon. 35 40

Vermoede ten opsigte van amptenare

5. By enige vervolging ingevolge hierdie Wet is die feit dat 'n persoon voorgee om op te tree of voorgee het om op te getree het as 'n verkeersbeampte of inspekteur van lisensies, 'n ondersoeker van voertuie of 'n toetsbeampte vir bestuurslisensies, *prima facie*-getuienis van sy of haar aanstelling en magtiging om aldus op te tree: Met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing is met betrekking tot 'n vervolging op 'n aanklag wat op identiteitbedrog betrekking het nie. 45

Bevoegdheid van Minister om regulasies uit te vaardig

6. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat nie onbestaanbaar met die bepalings van die Wet en die Nasionale Padverkeerswet is nie, en in die besonder, maar sonder inkorting van die algemeenheid van die voorafgaande bepalings, betreffende— 50

(a) behoudens regulasies uitgevaardig ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, die stilhou met en parkering van voertuie op openbare paaie;

(b) die metode om enige feit vas te stel wat vir die doeleindes van hierdie Wet vereis word; 55

- (c) enige vorm, prosesstuk of teken wat die Minister dienstig ag vir die doeleindes van hierdie Wet en die aard en omvang van enige inligting wat vir die doeleindes van enige sodanig vorm verstrek moet word;
- (d) die uitvaardiging van 'n duplikaat van 'n sertifikaat, lisensie of ander dokumentasie of teken wat ingevolge hierdie Wet uitgevaardig is indien die oorspronklike daarvan verlore, vernietig of ontsier is of enige besonderhede daarop onleesbaar geword het; 5
- (e) die drag, met inbegrip van onderskeidingstekens, van verkeersbeamptes en van verkeersopsigters wat ingevolge die Nasionale Padverkeerswet aangestel is; 10
- (f) die gelde wat gevorder kan of moet word vir enige doel ingevolge hierdie Wet, of ten opsigte van enige registrasie, aansoek, magtiging of ondersoek, of die uitreiking van enige dokument of afskrif van sodanige dokument, bedoel in die Nasionale Padverkeerswet, 1996, of die regulasies uitgevaardig kragtens daardie Wet; 15
- (g) die gelde wat gevorder kan of moet word ten opsigte van die registrasie en lisensiering van motorvoertuie soos bedoel in die Nasionale Padverkeerswet;
- (h) die wyse waarop amptelike tale gebruik moet word op tekens soos in artikel 19 bedoel;
- (i) paaie wat deel uitmaak van sekere openbare paaie, vir die doeleindes van artikel 19(3); 20
- (j) die Minister van die Provinsie aan wie bepalings van hierdie Wet opgedra is.
- (2) Die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig vir enige doel waarna in subartikel (1) verwys word, omvat die bevoegdheid om enige aangeleentheid of saak met betrekking tot daardie doel volstrek of voorwaardelik te beperk of te verbied. 25
- (3) Enige regulasie kragtens hierdie artikel kan uitgevaardig word om oor die algemene regdeur die Provinsie of binne enige bepaalde deel daarvan of op enige gespesifiseerde kategorie voertuig of persoon van toepassing te wees.
- (4) 'n Regulasie uitgevaardig kragtens subartikel (1) kan voorsiening maak vir strawwe vir 'n oortreding daarvan en ook verskillende strawwe in die geval van agtereenvolgende of voortdurende oortredings, maar geen straf mag 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van een jaar oorskry nie. 30
- (5) Voordat die Minister enige regulasie kragtens hierdie artikel uitgevaardig, kan die Minister, indien hy of sy dit dienstig ag, 'n konsep van die voorgestelde regulasie in die *Provinsiale Koerant* laat publiseer, tesame met 'n kennisgewing waarby die belanghebbende persone uitgenooi word om enige besware of verhoë wat hulle wil opper of wil rig binne 'n tydperk vermeld in die kennisgewing, maar nie minder nie as vier weke vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing, skriftelik by die Departementshoof in te dien: Met dien verstande dat indien die Minister daarna besluit om die konsepregulasies te verander na aanleiding van enige besware of verhoë wat ingedien is, dit nie nodig is om daardie veranderings aldus te publiseer voordat die regulasies uitgevaardig word nie. 35 40

Bevoegdheid van munisipaliteit om verordeninge uit te vaardig

7. (1) Behoudens enige wet met betrekking tot die prosedure wat gevolg moet word by die opstel, goedkeuring en afkondiging van enige verordening deur 'n munisipaliteit, kan 'n plaaslike owerheid met die instemming van die Minister verordeninge uitgevaardig wat nie onbestaanbaar met hierdie Wet of die Nasionale Padverkeerswet is nie, betreffende— 45
- (a) die veiligheid van verkeer op enige openbare pad, die plig van enige gebruiker van sodanige pad en die gebruik van enige sodanige pad deur enige voertuig; 50
- (b) die stilhou met en parkering van enige voertuig op 'n openbare pad of gedeelte daarvan, met inbegrip van verordeninge betreffende die installering, reëling, toesig oor, instandhouding en beheer van parkeermeters en parkeerplekke, behoudens die bepalings van die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991), en enige regulasie of verordening daarkragtens uitgevaardig met betrekking tot die beperking, reëling of beheer van die dryf van die besigheid van 'n straathandelaar, venter of smous; 55
- (c) die aanstelling en lisensiering van parkeeropsigters en die intrekking van sodanige lisensie;
- (d) die bestuurder of kondukteur van, of ander persoon aangestel in verband met, 'n voertuig wat te huur is of passasiers vir huur aanvaar; 60

- (e) enige openbare pad wat nie deur enige voertuig gebruik mag word nie, hetsy oor die algemeen of op gespesifiseerde tye, behoudens die bepalinge van die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991), en enige regulasie of verordening daarkragtens uitgevaardig met betrekking tot die beperking, reëling of beheer van die dryf van die besigheid van 'n straathandelaar, venter of smous; 5
- (f) die relatiewe posisie op 'n openbare pad van verkeer van verskillende snelhede en klasse;
- (g) die plek waar en tyd wanneer 'n voertuig nie mag draai sodat dit met die voorkant gekeer is in die rigting waaruit die gekom het nie of waar dit net onder bepaalde omstandighede aldus mag draai; 10
- (h) die op- en aflaai van enige voertuig op enige openbare pad;
- (i) die reëls met betrekking tot voorrang van sekere motorvoertuie wanneer hulle 'n hoofdeurgang binnegaan;
- (j) die gebruik van 'n toeter, klok of ander waarskuwingstoestel en die omstandighede waaronder enige sodanige waarskuwingstoestel binne 'n bepaalde gebied gebruik mag word, hetsy te alle tye of gedurende gespesifiseerde tydperke; 15
- (k) die aanstelling van 'n adviserende verkeersbeheerraad bestaande uit minstens drie lede om die munisipaliteit te adviseer oor alle vraagstukke betreffende verkeersbeheer; 20
- (l) die gebruik van enige openbare pad deur verkeer oor die algemeen;
- (m) die beperking van die ouderdom van bestuurders van voertuie wat deur diere getrek word;
- (n) enige vorm of teken wat 'n munisipaliteit dienstig ag by die toepassing by enige verordening, en die aard en omvang van enige inligting wat vir die doel van sodanige vorm verstrek moet word; 25
- (o) die verlening van bevoegdheid aan enige munisipaliteit om, indien enige persoon versuim om enigiets te doen wat deur enige verordening van hom of haar vereis word, daardie handeling te verrig en die uitgawes daaraan verbonde van die persoon wat aldus versuim het, te verhaal; 30
- (p) die massa van enige goedere of die getal passasiers of diere wat op 'n trapfiets vervoer mag word;
- (q) die reëling, beperking, verbied of beheer van parkering op openbare paaie van voertuie wat deur handelaars besit, gehou of gebruik word of wat in hul bewaring of onder hul beheer geplaas is in die loop van sake wat deur enige handelaar bedryf word; en 35
- (r) enige ander aangeleentheid met betrekking waartoe 'n munisipaliteit verordeninge kragtens hierdie Wet kan uitvaardig.
- (2) Die bevoegdheid om verordeninge uit te vaardig vir enige doel genoem in subartikel (1) sluit die bevoegdheid in om enige aangeleentheid of saak met betrekking tot daardie doel volstrek of voorwaardelik te beperk of te verbied. 40
- (3) Enige verordening ingevolge subartikel (1) kan uitgevaardig word om in die algemeen op die hele gebied van die munisipaliteit of binne enige gespesifiseerde deel daarvan of op enige gespesifiseerde kategorie voertuig of persoon van toepassing te wees. 45
- (4) Vir sover enige verordening van 'n munisipaliteit, ongeag of dit kragtens hierdie wet of 'n ander wet uitgevaardig is, onbestaanbaar is met enige regulasie kragtens hierdie Wet of die Nasionale Padverkeerswet, moet die regulasie van krag wees.
- (5) Enige verordening uitgevaardig kragtens hierdie artikel kan voorsiening maak vir strawwe vir 'n oortreding daarvan, en kan ook voorsiening maak vir verskillende strawwe in die geval van opeenvolgende of voortdurende oortredings, maar geen straf mag 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande oorskry nie. 50

Munisipaliteit mag gelde vasstel

8. 'n Munisipaliteit mag, by besluit, die gelde vasstel wat vir enige doel beoog in artikel 7 gevorder mag word. 55

Registers en rekords

9. (1) Die registers of rekords wat voorgeskryf word, moet gehou word deur—
- (a) 'n registrasie-owerheid;
 - (b) enige munisipaliteit; en

(c) enige persoon wat die Minister by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

(2) Die voorgeskrewe besonderhede moet op die voorgeskrewe wyse in registers en rekords genoem in subartikel (1) aangebring word.

(3) Enige owerheid in subartikel (1) genoem, moet op die voorgeskrewe wyse en met die voorgeskrewe tussenpose aan die Minister of enige persoon of liggaam deur die Minister aangewys die inligting verstrek wat in 'n register of rekord van sodanige owerheid aangeteken is, en die Minister moet uit die inligting aldus verstrek die register wat hy of sy goedvind, saamstel of laat saamstel.

(4) Die Minister kan voorskryf dat enige owerheid die bykomende registers of rekords wat die Minister dienstig ag, moet hou.

Afskrif van inskrywing in register of rekord is getuienis

10. (1) 'n Dokument wat voorgee 'n uittreksel te wees uit of 'n afskrif te wees van enige register of aantekening ingevolge hierdie Wet gehou word en wat voorgee as sodanig gesertifiseer te wees, is by enige hof en by alle geleenthede wat ook al toelaatbaar as getuienis en is *prima facie*-getuienis van die waarheid van die aangeleenthede wat in sodanige dokument verklaar word, sonder die voorlegging van die oorspronklike register of rekord of enige sertifikaat, lisensie, ander dokument, mikrofilm of gerekenariseerde rekord waaruit of waarvan sodanige uittreksel of afskrif gemaak is.

(2) Die inligting vervat in 'n register of rekord wat vir die doeleindes van hierdie Wet gehou word, moet verstrek word aan—

(a) 'n verkeersbeampte of inspekteur van lisensies wat dit in die uitvoering van sy of haar pligte nodig het;

(b) enige persoon wat deur die Minister daartoe gemagtig is om sodanige verstrekking te eis;

(c) enige Staatsdepartement; of

(d) 'n munisipaliteit:

Met dien verstande dat die toestemming van die Minister of enige persoon deur hom of haar daartoe gemagtig verkry moet word voordat sodanige inligting aan 'n owerheid bedoel in paragraaf (d) verstrek word.

(3) Enige owerheid wat 'n register of rekord ingevolge artikel 9 hou, moet op versoek van enige persoon en by betaling van die voorgeskrewe gelde—

(a) bevestig of sekere inligting ooreenstem met die inligting wat in sodanige register of rekord vervat is al dan nie, indien, na die mening van sodanige owerheid, daardie persoon op redelike gronde bevestiging van sodanige inligting nodig het; of

(b) die inligting waarna in paragraaf (a) verwys word aan daardie persoon verstrek indien na die mening van sodanige owerheid hy of sy op redelike gronde versoek het dat sodanige inligting aan hom of haar verstrek moet word.

(4) Hierdie artikel is onderhewig aan die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000).

Kennis kan geneem word van inligting vervat in register of rekord

11. Die Minister kan, by die uitoefening van goeddunke of die neem van 'n besluit ingevolge hierdie Wet, kennis neem van die inligting vervat in 'n register of rekord soos in artikel 9 bedoel.

Spesiale bepalings met betrekking tot parkering

12. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan 'n munisipaliteit in die voorgeskrewe omstandighede en onderworpe aan die voorgeskrewe voorwaardes—

(a) enige persoon wat, na die mening van sodanige munisipaliteit, 'n voorgeskrewe liggaamlike gebrek het; of

(b) enige persoon wat 'n persoon in paragraaf (a) bedoel, vervoer of bystaan; of

(c) 'n geregistreerde verpleegkundige of vroedvrou soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Verpleging, 1978 (Wet 50 van 1978); of

(d) 'n mediese praktisyn, van enige wet betreffende die parkering van 'n motorvoertuig binne sy regsgebied vrystel.

(2) 'n Munisipaliteit mag, en moet in die voorgeskrewe omstandighede, spesiale parkeerplekke voorsien vir die uitsluitlike parkering van voertuie wat bestuur word deur persone in subartikel (1) genoem, en sodanige parkeerplekke moet met 'n padverkeerstekens geïdentifiseer word.

(3) 'n Munisipaliteit moet die gebruik van die parkeerplekke in subartikel (2) genoem op die voorgeskrewe wyse beheer. 5

(4) Die betrokke munisipaliteit moet aan 'n persoon in subartikel (1) genoem bewys van sodanige vrystelling uitreik.

Minister kan terugbetalings magtig

13. (1) Die Minister kan, indien hy of sy hom of haar daarvan vergewis het dat enige bedrag betaalbaar deur 'n persoon meer was as die bedrag wat behoorlik ingevolge hierdie wet vorderbaar is, 'n terugbetaling van daardie bedrag of van 'n gedeelte daarvan aan sodanige persoon magtig. 10

(2) Die Minister mag nie enige terugbetaling kragtens hierdie afdeling magtig nie, tensy die eis daarvoor binne drie jaar van die datum van die betrokke betaling deur die registrasie-owerheid of Provinsiale Administrasie ontvang is. 15

Registrasie-owerheid aan inspeksie deur Ouditeur-generaal onderworpe

14. Die Ouditeur-generaal kan te eniger tyd 'n inspeksie laat uitvoer van die rekords van 'n registrasie-owerheid en die inkomste wat deur sodanige owerheid kragtens hierdie Wet gevorder is. 20

Inspeksies ten einde nakoming van die Wet te verseker

15. (1) Die Minister kan enige persoon magtig om enige inspeksie uit te voer wat die Minister nodig ag ten einde te verseker dat die bepalings van hierdie Wet nagekom word.

(2) Niemand mag 'n persoon in die uitvoering van 'n inspeksie soos in subartikel (1) genoem, dwarsboom of hinder nie. 25

Afwyking van voorgeskrewe vorm

16. Die Minister mag, in die omstandighede wat hy of sy dienstig ag, 'n registrasie-owerheid of ander owerheid magtig om, in die plek van 'n vorm wat deur die Minister kragtens hierdie Wet of 'n Wet wat deur artikel 25 herroep is vir 'n besondere doel voorgeskryf word, 'n vorm te gebruik wat afwyk van die voorgeskrewe vorm, en ten opsigte van sodanige owerheid word sodanige afwykende vorm geag die voorgeskrewe vorm vir daardie doel te wees. 30

Handtekening op dokumente

17. Enige persoon wat nie sy of haar naam kan teken nie, moet, indien sy of haar handtekening op enige dokument ingevolge hierdie Wet vereis word, in die plek daarvan die afdruk van sy of haar linkerduim druk in die ruimte waarin hy of sy andersins sy of haar naam sou moes geteken het, en indien sy of haar linkerduim nie beskikbaar is nie, moet hy of sy in die plek daarvan enigeen van sy of haar vingerafdrukke druk, en in laasgenoemde geval moet die dokument aldus gemerk deur die beampte in wie se teenwoordigheid die afdruk gemaak is, geëndosseer word om aan te dui watter vinger gebruik is. 40

Betekening van kennisgewings

18. (1) Wanneer ook al ingevolge hierdie wet magtiging verleen word of daar vereis word dat enige kennisgewing aan 'n persoon beteken of uitgereik moet word, moet sodanige kennisgewing hetsy persoonlik aan die persoon aan wie dit gerig is, beteken word of per aangetekende pos aan sy of haar jongste bekende adres gestuur word: Met dien verstande dat die adres wat deur die houër van 'n bestuurslisensie tydens sy of haar aansoek om so 'n lisensie verskaf is, of wat teenoor sy of haar naam in 'n register van bestuurslisensies aangeteken is, of die adres wat teenoor die registrasie van 'n voertuig in 'n register van motorvoertuie as die adres van die eienaar van daardie voertuig aangeteken is, as sy of haar domisilie van dagvaarding en eksekusie dien vir alle 50

doeleindes wat voortspruit uit of vir die doeleindes van hierdie Wet, vir die betekening van kennisgewings, pos of prosesstukke aan daardie persoon.

(2) Betekening per aangetekende pos ingevolge subartikel (1) word geag uitgevoer te wees op die tiende dag na die datum gestempel op die bewys van registrasie uitgereik deur die poskantoor wat die kennisgewing aangeneem het. 5

(3) 'n Sertifikaat deur die beampte wat die kennisgewing genoem in subartikel (1) uitgereik het, of deur 'n persoon wat aan daardie beampte ondergeskik is, waarin die tyd, plek en wyse waarop die kennisgewing uitgereik is, vermeld word, is bewys dat die kennisgewing behoorlik uitgereik is, tensy en totdat die teendeel bewys word.

Gebruik van amptelike tale 10

19. (1) Een of meer van die drie amptelike tale van die Provinsie moet, op die voorgeskrewe wyse, behoudens hierdie artikel, op padverkeerstekens, rigtingwysers en straatnaamtekens by plaaslike strate gebruik word.

(2) Oorweging kan geskenk word aan die taalgebruik en -voorkeure van plaaslike gemeenskappe by die bepaling van watter amptelike taal of tale op rigtingwysers en straatnaamtekens by plaaslike strate gebruik moet word. 15

(3) Die amptelike taal of tale wat op tekens op sekere openbare paaie gebruik moet word, moet wees soos voorgeskryf.

Misdrywe en strawwe

20. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Wet of 'n aanwysing, bevel, voorwaarde, vereiste, bepaling of versoek daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig. 20

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of albei.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in enige wet is 'n landdroshof bevoeg om enige straf op te lê waarvoor hierdie Wet voorsiening maak. 25

Verdeling van gelde

21. Alle gelde wat kragtens hierdie Wet betaal word, uitgesonderd gelde wat betaal word aan 'n toetsstasie wat nie 'n registrasie-owerheid is nie, en uitgesonderd gelde wat ingevolge 'n munisipale verordening bepaal is, moet in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal word. 30

Verdeling van boetes

22. (1) Alle boetes opgelê of gelde ten opsigte van verbeurende borgtog ten opsigte van enige oortreding ingevolge hierdie Wet of die Nasionale Padverkeerswet, moet geadministreer word ingevolge artikels 6 en 8 van die Konsolidasiewet op Finansie- en Finansiële Reëlinswette, 1977. 35

(2) Alle boetes opgelê en gelde ten opsigte van verbeurde borgtog met betrekking tot 'n oortreding ingevolge enige verordening wat ingevolge hierdie Wet uitgevaardig is, moet aan die owerheid betaal word waarop sodanige verordening van toepassing is.

Delegering 40

23. (1) Die Minister kan—

- (a) enige bevoegdheid wat by of kragtens hierdie Wet aan hom of haar verleen is aan enige ander persoon delegeer; en
- (b) enige ander persoon magtig om enige plig by of kragtens hierdie Wet aan die Minister opgedra, te verrig en kan sodanige delegering doen of magtiging verleen behoudens die voorwaardes wat hy of sy goedvind. 45

(2) Die Minister kan te eniger tyd 'n delegering gedoen of magtiging verleen kragtens subartikel (1) intrek.

Oorgangsbepalings

24. Enige proklamasie, regulasie, verordening, kennisgewing, bevel, verbod, magtiging, aanstelling, toestemming, inligting of dokument uitgevaardig, uitgereik,

opgelê, gedoen, verleen, verstrekk of gegee of enige ander stappe gedoen ingevolge enige bepaling van 'n wet wat deur die Nasionale Padverkeerswet, herroep word, word geag ingevolge die ooreenstemmende bepaling (indien daar is) van hierdie Wet uitgevaardig, uitgereik, opgelê, gedoen, verleen, verstrekk of gegee te wees.

Herroeping van wette

5

25. Die Wes-Kaapse Wet op Padverkeer, 1998 (Wet 12 van 1998) word hiermee herroep.

Staat word gebind

26. Hierdie Wet bind die Staat en enige persoon in diens van die Staat: Met dien verstande dat die Minister, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die staat of enige departement daarvan of enige sodanige persoon van enige bepaling of hierdie Wet kan vrystel behoudens sodanige voorwaardes as wat die Minister kan bepaal. 10

Kort titel en inwerkingtreding

27. (1) Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op Padverkeer, 2006, en tree in werking op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal. 15

(2) Verskillende datums kan aldus ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word, en datums aldus bepaal, kan verskil ten opsigte van verskillende—

- (a) persone of goedere of kategorieë persone of goedere wat deur middel van 'n motorvoertuig vervoer word;
- (b) soorte of klasse motorvoertuie wat by die vervoer van persone of goedere gebruik word; 20
- (c) persone of kategorieë persone; of
- (d) gebiede in die Provinsie.

(3) Meer as een van die elemente vermeld in paragrafe (a) tot en met (d) van subartikel (2) kan by die toepassing van daardie subartikel saamgevoeg word. 25

MEMORANDUM OOR DIE DOELWITTE VAN DIE WES-KAAPSE KONSEPWETSONTWERP OP PADVERKEER, 2006

Die proses om die Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Padverkeer, 2006, te adverteer, is daarop gemik om kommentaar van die publiek in te win en om die kommentaar wat ontvang word, in die finale Wetsontwerp op te neem voordat dit by die Provinsiale Wetgewer ingedien word. Daar dien daarop gelet te word dat die kommentaar wat ontvang is na aanleiding van die vroeëre proses van advertensie van die Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Padverkeer, 2002 (*Provinsiale Koerant* 5918 van 2 Augustus 2002), in hierdie nuwe weergawe opgeneem is, waar gepas.

Die Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Padverkeer, 2006 (“die Wetsontwerp”) is opgestel om die bepalings van die Wes-Kaapse Wet op Padverkeer, 1998 (Wet 12 van 1998), te hersien en te konsolideer in reaksie op verwickelinge ten opsigte van nasionale padverkeerswetgewing.

Die Wes-Kaapse Wet op Padverkeer, 1998 (“die Provinsiale Wet”) is opgestel om saam met die nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996) (“die Nasionale Wet”) gelees te word as deel van ’n pakket van padverkeerswetgewing waarop MINKOM (die Ministeriële Komitee van Ministers van Vervoer) ooreengekom het. Ingevolge hierdie ooreenkoms moet elke provinsie ’n provinsiale padverkeerswet aanneem om die nasionale Wet aan te vul en om provinsiale padverkeersaangeleenthede te hanteer.

Voordat enigeen van hierdie Wette in werking gestel is, het die Nasionale Parlement die Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe, 1998 (Wet 46 van 1998) (“die ABP-wet”) en die Wet op die Padverkeersbestuurskorporasie, 1999 (Wet 20 van 1999) (“die PBK-wet”), aangeneem. Hierdie Wette het wysigings aan die Nasionale Wet genoodsaak.

Ooreenkomstig die APB-wet en die PBK-wet is daar besluit om verskeie aangeleenthede wat in die provinsiale wette hanteer is, te skrap en dit in die Nasionale Wet op te neem. Gevolglik is die Nasionale Padverkeerswysigingswet, 1999 (Wet 21 van 1999), aangeneem om die 1996-wet te wysig deur onder meer ook die volgende aangeleenthede wat voorheen as provinsiale aangeleenthede beskou is, te inkorporeer:

- Aanstelling van registrasie-owerhede — Aanstelling van beamptes
- Registrasie en gradering van beamptes
- Bevoegdheid en pligte van beamptes
- Registrasie en lisensiëring van motorvoertuie
- Registrasie van bestuurlisensietoetsentrums en -instrukteurs
- Registrasie van toetsstasies
- Bevoegdheid van plaaslike owerhede om verordeninge oor padverkeersaangeleenthede uit te vaardig.

In reaksie hierop is slegs beperkte artikels van die Provinsiale Wet op 14 Desember 2000 in werking gestel (Proklamasie No. 118 van 2000). Die oorblywende bepalings wat nou deel van die Nasionale Wet uitmaak, hoef nooit in werking gestel te word nie en sal deur die Wetsontwerp herroep word. Die Wetsontwerp konsolideer ook die bepalings van die Provinsiale Wet in ’n verkorte vorm en bring geringe wysigings mee. Opsommenderwys herhaal en konsolideer die Wetsontwerp hoofsaaklik padverkeerswette wat reeds toegepas word.

Klousule 1 van die Wetsontwerp verskaf die nodige woordomskrywings.

Klousule 2 bemagtig munisipaliteite om parkeergelde vir parkeervakke en staanplekke en standplase in te vorder.

Klousule 3 handel oor vermoedens aangaande die soorte paaie in vervolgingskragens die Wet. Daar word byvoorbeeld vermoed dat ’n pad ’n openbare pad is tensy die teendeel bewys word.

Klousule 4 maak op soortgelyke wyse voorsiening daarvoor dat by vervolgings ingevolge die Wet, daar vermoed word dat die eienaar van ’n voertuig dit bestuur het totdat die teendeel bewys word.

Ingevolge klousule 5 word daar aangeneem dat persone wat as verkeersbeamptes optree, behoorlik aangestel is.

Ingevolge klousule 6 kan die Provinsiale Minister regulasies oor sekere aangeleenthede rondom padverkeer wat nie deur die Nasionale Wet gedek word nie, uitvaardig.

Klousule 7 bemagtig munisipaliteite om verordeninge oor gelyksoortige aangeleenthede uit te vaardig. Dit dupliseer artikel 80(a) van die Nasionale Wet (Wet 93 van 1996) aangesien daardie artikel nog nie in werking gestel is nie.

Klousule 8 bemaatig munisipaliteite om gelde vas te stel vir die doeleindes van sodanige verordeninge.

Ingevolge klousule 9 kan die Provinsiale Minister regulasies uitvaardig wat van persone vereis om registers en rekords rakende padverkeersaangeleenthede te hou.

Klousule 10 maak voorsiening vir inskrywings in rekords en registers om te dien as bewyse in sake soos hofverrigtinge.

Klousule 11 laat die Provinsiale Minister toe om kennis te neem van inligting in sodanige registers en rekords.

Klousule 12 laat munisipaliteite toe om mediese personeel en gestremde persone vry te stel van parkeerwette en om spesiale parkeerplekke vir daardie persone te voorsien.

Ingevolge klousule 13 kan die Provinsiale Minister die terugbetaling van gelde wat oorbetaal is, magtig.

Ingevolge klousule 14 kan die Ouditeur-generaal rekords van registrasie-owerhede inspekteer. Eweneens kan die Provinsiale Minister kragtens klousule 15 inspeksies magtig om te verseker dat die bepalings van die Wet nagekom word.

Ingevolge klousule 16 kan die Provinsiale Minister 'n registrasie-owerheid of ander owerheid magtig om vorms te gebruik wat verskil van die voorgeskrewe vorms.

Klousule 17 maak voorsiening daarvoor dat persone wat nie in staat is om hul name te teken nie, vir die doeleindes van die Wet duim- of vingerafdrukke mag gebruik.

Klousule 18 handel oor die betekening van kennisgewings kragtens die Wet.

Klousule 19 handel oor die gebruik van die drie amptelike tale van die Provinsie op padverkeerstekens, rigtingwysers en straatnaamborde. In die geval van rigtingwysers en straatnaamborde op plaaslike strate sal die taalgebruik en -voorkeure van plaaslike gemeenskappe in oorweging geneem word. Die Wetsontwerp bemaatig die Provinsiale Minister om regulasies uit te vaardig oor taalgebruik op verskeie kategorieë paaie.

Klousule 20 maak voorsiening vir misdrywe en strawwe.

Klousule 21 vereis dat gelde wat ingeolge die Wet betaal word, in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal moet word, behalwe in gevalle waar gelde aan 'n toetsstasie betaal word wat nie 'n registrasie owerheid is nie en waar gelde in terme van 'n munisipale verordening bepaal word.

Klousule 22 handel oor die verdeling van boetes, onderhewig aan toepaslike nasionale wetgewing.

Klousule 23 handel oor die delegering van die Provinsiale Minister se bevoegdhede en pligte.

Klousule 24 maak voorsiening vir oorgangsbepalings.

Klousule 25 herroep die Provinsiale Wet.

Klousule 26 maak voorsiening daarvoor dat die Wet die Staat bind, maar dat die Provinsiale Minister die Staat of enige van sy departemente van die bepalings van die Wet mag vrystel.

Klousule 27 handel oor die kort titel en die inwerkingtreding van die Wet.

UYILO LOMTHETHO OYILWAYO WENTSHONA KOLONI WEZITHU- THI EZIHAMBA NGENDLELA, 2006

Uqulunqelwa ukulungelelanisa nokuhlaziya imimiselo enxulumene nezithuthi ezihamba ngendlela kweli Phondo; ukungena esikhundleni soMthetho weNtshona Koloni weZithuthi eziHamba ngeNdlela, 1998; nokulungiselela imicimbi eyayemene nalo nto.

KE NGOKO INDLU yoWiso-mthetho yePhondo leNtshona Koloni iwisa umthetho ngolu hlobo:—

ISIQULATHO

1. IiNkcazelo
2. Amagunya kamasipala okuqokelela imirhumo yokupakisha kwiindawo zokupakisha ezirenkini nasezitudini 5
3. Izigqibo ngokunxulumene neendlela zikawonke-wonke, ezikayivulele/friweyi neendlela zikawonke-wonke ezikwimimandla esezidolophini
4. Izigqibo ezithi umnini-sithuthi nguye obeqhuba okanye opakishe isithuthi
5. Izigqibo ngokubhekiselele kumagosa 10
6. Igunya loMphathiswa lokuqulunqa imigaqo
7. Igunya likamasipala lokuwisa imithetho yoomasipala
8. Umasipala angamisela imirhumo
9. Irejistara neerekhodi
10. Ikopi yokubhalwe kwirejistara okanye ikopi yerekhodi ingasetyenziswa njengobungqina 15
11. Ingcaciso ekwirejistara nekwiirekhodi kufuneka ithathelwe ingqalelo
12. Imimiselo eyodwa enxulumene nokupakisha
13. UMphathiswa angagunyazisa inkxaso-mali
14. Amaziko obhaliso anokuhlwa nguMphicothi-Jikelele 20
15. Uhlobo kufuneka luqinisekise ukuthotyelwa kwalo Mthetho
16. Ukuguqulwa kwefom emiselweyo
17. Umsayino kumaxwebu
18. Ukuthunyelwa kwezaziso
19. Ukusetyenziswa kweelwimi zaseburhulumenteni 25
20. Ulwaphulo-mthetho nezohlwayo
21. Ulwabiwo lwemirhumo
22. Ulwabiwo lweefayini
23. Ugunyaziso
24. Imimiselo yethutyana 30
25. Ukutshitshiswa kwemithetho
26. Ukubopheleleka koMbuso
27. ISihloko esifutshane nomhla wokusungulwa

IiNkcazelo

1. (1) Kulo Mthetho, ngaphandle kokuba oko kubhaliweyo kuchaza nto yimbi—
 “umthetho kamasipala” libinzana lamagama elichaza okuthethwa kwicandelo 7;
 “Umgaqo-siseko” ligama elithetha uMgaqo-siseko weRiphabliki yoMzantsi
 Afrika (UMthetho 108 ka 1996); 5
 “uphawu olwalatha indlela” libinzana lamagama elichaza uphawu olwalatha
 indlela kwindlela kawonkewonke;
 “isithuthi seempahla” libinzana lamagama elichaza isithuthi esisetyenziselwa
 ukuthutha iimpahla njengoko kuchazwe kwiMiqathango kaZwelonke yeThutho
 eziNdleleni; 10
 “INTloko yeSebe” libinzana lamagama elibhekisa kwiNTloko yeSebe
 likaRhulumente wePhondo iNtshona Koloni elijongene nolawulo lweendlela
 nonyanzeliso;
 “isitalato sommandla” libinzana lamagama elichaza isitalato esiphantsi
 komasipala kummandla ongowasezidolophini, ikakhulu ngokobume bawo; 15
 “UMphathiswa” ligama elibhekisa kuMphathiswa wePhondo kwiNdlu yePhondo
 nothwaliswe uxanduva lokusebenzisa ummiselo othile walo Mthetho;
 “umasipala” ligama elithetha umasipala ekubhekiswe kuye kwicandelo 155(6)
 loMgaqo-siseko, kwaye elo gama libandakanya zonke iindidi zoomasipala
 ekuthethwa ngazo kwicandelo 155(1) loMgaqo-siseko; 20
 “UMthetho weSizwe weziThuthi eziHamba ngeNdelela” libinzana lamagama
 achaza uMthetho weSizwe weziThuthi eziHamba ngeNdelela, 1996 (UMthetho 93
 ka 1996), kwaye likwabhekisa nakwimigaqo eyenziwe phantsi kwaloo Mthetho;
 “INKulumbuso” ligama elibhekisa kwiNkulumbuso yePhondo eyonyulwe
 ngokwemiqathango yecandelo 125 loMgaqo-siseko; 25
 “-miselweyo” ligama elithetha ukumiselwa ngokomgaqo nguMphathiswa
 ngesaziso esifakwe *kwiGazethi yePhondo*;
 “iPhondo” ligama elithetha iPhondo leNtshona Koloni;
 “uphawu lwendlela” ligama elichaza uphawu lwendlela olumiselwe
 ngokwecandelo 56 loMthetho weSizwe weziThuthi eziHamba ngeNdelela; 30
 “UMthetho” ligama elibandakanya nawuphi na umgaqo oqulunqwe phantsi kwaloo
 Mthetho;
- (2) Naliphi na igama okanye ibinzana lamagama elicacisiweyo kuMthetho weSizwe
 weziThuthi eziHamba ngeNdelela, kodwa libe lingacaciswanga kwicandelwana (1), liya
 kuba nentsingiselo efanayo naleyo liyinikwe kuMthetho weSizwe weziThuthi 35
 eziHamba ngeNdelela, ngaphandle kokuba intsingiselo yalo ichaza nto yimbi.

